# SAHARA AVONTUUR REEKS

## 9. Die Spore Roep



MEIRING FOUCHE

# DIE SPORE ROEP


*deur*

**MEIRING FOUCHE**

en

proeflees en redigering deur
**PIETER HAASBROEK**



*Gepubliseer deur:*

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2025

# DIE SPORE ROEP

Die voorblad illustrasie vir die Sahara Avontuur Reeks is deur AI-sagteware gegenereer, wat die narratief verryk. Hierdie boek word vir die eerste keer in Afrikaans in e-boek formaat vrygestel.

Die kopiereg vir hierdie storie is voorbehou en mag nie in geheel of gedeeltelik herdruk of versprei word sonder die uitgewer se skriftelike toestemming nie. Herdrukking sluit enige elektroniese of meganiese vorm in, soos e-boeke, fotokopiëring, skryf, opname op band, of enige ander manier om inligting te stoor of toegang daartoe te verkry. Alle karakters en gebeurtenisse in hierdie storie is suiwer fiktief en het geen verbintenis met enige lewende of oorlede individue nie.

DIE SPORE ROEP
deur Meiring Fouche

ISBN 978-1-928498-08-7

Gepubliseer deur:
Skatkis Boeke - Publiseerders, Strand Mews, Strand 7140
Suid Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2025)
Aanlyn Stoor: https://panther-ebooks.com
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

## OPSOMMING

Die verhaal open in die snikhete Sahara, waar Teuns Stegmann, ’n lid van die Franse Vreemdelegioen, saam met sy patrollie ’n onrusbarende ontdekking maak. Naby die onstuimige gebied tussen Dini Salam en Doetra, gewaar hulle aasvoëls wat om ’n toneel van verwoesting sirkel. ’n Karavaan is aangeval, en twaalf lyke lê vermink in die sand. Te midde van die chaos vind Teuns ’n fyn, goue poeierdosie, gemerk met die letters “J.T.”, asook ’n velsakkie. Dit is alles tekens wat dui op die teenwoordigheid van Berbers en die moontlike ontvoering van ’n blanke vrou, ’n gebeurtenis wat die aanvanklike konflik bevestig.

Teuns se vasberadenheid en skerpsinnigheid dryf die verhaal vorentoe en hy word die spilpunt van die soektog en moet leidrade interpreteer soos die geparfumeerde sakdoek, ’n ivoor armband, en later ’n hareborsel wat ook gevind word. Dit bevestig daar was inderdaad ’n vrou teenwoordig tydens die aanval. ’n Gevoel van groeiende dringendheid en gevaar bou op terwyl hul pogings om die spoor te volg, belemmer word deur die verraderlike woestyn wind. Selfs te midde van die ontdekking van ’n gemartelde man in Harba, bly Teuns gefokus, al word die situasie nog meer kompleks met die verdwyning van Petacci, ’n lid van sy eie patrollie.

Gedryf deur ’n mengsel van plig en ’n sterk beskermingsdrang, neem Teuns toenemend risiko’s omrede hy geen ander keuse het nie. Na ’n reeks gevaarlike konfrontasies, insluitend ’n vermomming as ’n Arabier en sy eie gevangeneming en marteling, slaag Teuns daarin om saam met die ontvoerde vrou, Jenene, te ontsnap. Maar selfs in hulle oënskynlike vryheid, hang die skadu van die Berbers en hul geheimsinnige motiewe steeds oor hulle. Wat is die ware betekenis agter die snelgeweer en die ontvoering, en watter ongesiene magte skuil dalk nog in die uitgestrekte, genadelose woestyn?

## UITTREKSEL

Dit is heeltemal duidelik dat hierdie Arabier gaan seker maak dat ’n man wat hy as dood beskou, werklik dood is. Hy plant sy bene meteens ver uit mekaar, skuif sy wang teen die kolf en sluit sy linkeroog.

In daardie baie kort oomblikkie voor die dood doen Teuns Stegmann twee dinge tegelyk, met die snelheid en die deeglikheid wat sersante deur so baie dae aan hom en die ander kêrels van die Vreemdelegioen geleer het. Dit was wanneer hulle die een uur na die ander op die paradeterrein deurgebring het. Daardie tye wanneer hulle toe geleer is hoe om die dood te fop wanneer dit jou al feitlik aanraak.

Met die snelheid van ’n jagluiperd spring Teuns Stegmann op en dieselfde oomblik toe hy spring, skiet hy ’n boog sand na die Arabier se oë.

Die skoot knal hard en dodelik deur die stil woestyn, maar dit is ver oor Teuns se kop heen, want op dieselfde oomblik toe die Arabier die sneller trek, tref die fyn sand hom in sy oë sodat hy sy kop agteroor ruk.

# 9. DIE SPORE ROEP

## Hoofstuk 1

### VREEMDE VONDS

Teuns Stegmann, die lang Suid-Afrikaner in die Franse Vreemdelegioen, kyk met nou oë na die bewegings van die man daar voor hom. As hy nie so moeg was nie en as hulle nie hier in die verterende Sahara son gesit het nie, sou hy dalk lus gekry het om te lag. Teuns en die ander lede van die klein patrollie lê skuins op die kruin van ’n hoë duin, in die hartjie van die opstandige wêreld tussen die Legioen voorpos Dini Salam en Doetra, hoofstad van die opstandige Doelak-Arabiere.

“Is jy besig om mal te word, ou Grote?” vra Teuns vir die man wat sulke vreemde bewegings sit en uitvoer.

“Dit is soos ons die koel Münchener drink, Suid-Afrikaner,” sê Fritz Mundt die Duitser, wat die reputasie het dat hy die sterkste man in Afrika is. “So en so...” Hy lig sy elmboog hoog, maak ’n swierige swaai met sy hand, bring dit voor sy mond, draai sy kop agteroor en maak asof hy die bier behaaglik drink. Toe klap hy sy lippe publiek op mekaar asof hy nou pas ’n glas skuimende bier weggeslaan het. Toe kyk hy weer neerslagtig na sy waterfles, haal die prop af en drink twee slukkies van die louwarm water daarin.

“En so maak ons,” sê Petacci die Italianertjie, wat hier langs Teuns in die heet sand lê. Hy maak ’n draaibeweging met sy vingers.

“Spaghetti,” raai Teuns.

“Dit is reg,” sê Petacci en sy oë word nou. Hy steek sy linkerhand op, sy vingers oopgesprei. “Ek sou nou hierdie waardevolle linkerhand van my gegee het vir ’n lekker bord spaghetti in een van die agterstrate van Rome.”

“Interessante reis hierdie,” sê Jack Ritchie, die blonde Engelsman. Hy

lê agteroor met sy hande op sy kop en skuif sy kepie oor sy oë om die son uit te hou. “Verskriklik opwindend. Ons dwaal amper twee weke rond en ons het nog nie ’n kameel gesien nie. Hoe lank gaan Catroux ons nog hier deur die sand rondsleep?”

“Dalk kom daar nog binnekort opwinding, Engelsman,” sê Fritz en trek strepies deur die sand met sy stewel. “In hierdie Sahara kan ’n mens nooit sê nie.”

“Daar moet iets in die weer wees as hulle ons so danig laat patrolleer,” sê Teuns en kyk oor die hoë sandkruine weg na die suide waar die Atlasberge vaalblou uit die dansende hitte opstaan.

“Wat kan daar wees?” vra Podolski die Pool, ergerlik. “Die Arabiere is tans baie vreedsaam soos, soos...

“Soos aasvoëls,” help Teuns hom reg.

“Ek is doodtevrede om rond te loop en niks te maak nie,” vertel Petacci. “Ek stap liewer hier deur die woestyn rond as om in daardie vlieënes van ’n Fort Laval vasgekeer te sit. Hier kan ’n mens minstens vry asemhaal.”

“Wie sê daar is nie opwinding nie?” vra Podolski en kyk in die lug op. “Kyk daar.”

Hulle kyk almal in die lug op, selfs Jack Ritchie wat sy kepie teësinnig voor sy oë wegtrek.

’n Swaar aasvoël skuif stadig oor hulle heen na die suide, sy vleuels wyd en sy nek ver uitgestoot.

“Dalk sien hy ’n woestynrot wat van verveling gevrek het,” meen Teuns.

“Of dalk ’n skone meisie wat verdwaal het en wat op hierdie oomblik na ons toe aangesteier kom,” probeer Fritz.

“Manskap Stegmann.”

Dit is sersant Catroux se stem. Hy sit ’n entjie van die ander af, reg op die skerp kruin van die duin en bespied die wêreld met sy verkyker.

Teuns staan op en slenter oor na waar die sersant sit.

“Moenie vir my sê ons gaan iets sien nie, Sersant,” sê die Suid-Afrikaner lomerig. “In die afgelope twee weke of so het ons omtrent nog nie eens ’n kameelspoor gesien nie.”

“Kom kyk hier, jou oë is mos sterk,” sê Catroux. “Ek kan dit nie uitmaak nie.”

Teuns kom hurk langs die sersant, neem die verkyker by hom en volg die rigting waarin Catroux met sy maer, blas hand beduie. “Sien jy daardie skotige opdraand reg na die suide?”

“Ek sien dit, Sersant. Dit is ver. ’n Mens gaan nie maklik hiervandaan iets uitmaak nie. Dit lyk vir my soos aasvoëls.”

“Daar is iets,” sê Catroux. Maar dit is baie moeilik om dit te kan sien. Dit is amper net oor die kruin van daardie opdraand...”

“Ja daar is iets,” beaam Teuns en skroef sy oë nouer hier agter die verkyker. Daar is bepaald aasvoëls, maar verder kan ek niks uitmaak nie.

“Ons moet gaan kyk,” sê Catroux.

“Dit sal interessant wees. As ons nie nou iets sien wat snaaks is nie, sterf ons van ellende,” meen Teuns. Hy gee die verkyker aan die sersant terug en stap terug na waar sy rugpak en geweer by die ander lê.

“Arabiere?” vra Fritz Mundt en daar is nou bietjie meer lewe in sy blou oë.

Teuns trek sy skouers op.

“Nie Arabiere nie, maar aasvoëls.”

“Aasvoëls is partykeer interessanter as Arabiere,” meen Podolski.

“Ons moet gaan kyk,” sê Teuns en tel sy rugpak op, swaai dit agter sy rug, buk en tel die lang Lebel geweer op.

“Gaan kyk? Ons is op pad terug na Laval en nou moet ons weer kilometers terug stap om te gaan kyk wat die aasvoëls beet het,” kla Jack Ritchie en sy oë is nou teen die skerp sonlig wat deur die sand weerkaats word.

“Wie weet wat ons daar gaan sien,” sê Teuns gelate en kyk na die Engelsman.

“Ek is tog nie nou lus vir nonsies nie,” sê Jack. “Ons het nou lank genoeg rondgedwaal. Nou kan ons weer gerus ’n slaggie terug.”

“Ons mars oor een minuut,” beveel Catroux wat intussen ook terug gestap gekom het.

Die ander paar staan lui en teësinnig uit die sand op. Rek hulle uit en trek die krae van die kepies agter hul nekke af sodat die son hulle nie daar kan raak nie. Hulle swaai die rugsakke op hul rûe en gooi hul gewere oor hul skouers.

Dan gaan hulle aan die stap en Jack kan sy ergernis maar net nie verberg nie.

“Wat kan ons nou eintlik uitvoer as ons iets sien?” vra hy so in die loop vir Teuns. “Ons is maar net ses stuks.”

“Ons is eintlik sewe,” sê Teuns. “Fritz Mundt tel vir twee. Het jy dit dan so gou vergeet?”

Die groot Duitser draai hom half om en kyk na die Suid-Afrikaner. Toe kyk hy weer voor hom en spuug in die sand.

“En jy tel vir ’n halwe een,” sê die Duitser goedig, maar hy weet dat sy woorde belaglik moet klink, want almal ken hierdie Suid-Afrikaner. Hy is slank, breedgeskouer, snel op sy voete, ’n gevaarlike man met sy vuiste en hoogs intelligent. Almal weet uit watter gevaarlike penaries Teuns se vinnige brein hulle al gehelp het. Almal ken sy bedaarde en

ongelooflike moed. Hulle weet almal soos hulle hier deur die brandende sand aanslof, dat hierdie lang blonde man nie ’n bang haar op sy kop het nie.

Hulle skuifel teen die een duin uit en dan anderkant af, dan weer op, dan weer af. Catroux laat hulle stadig beweeg. Hierdie is ’n woedende kol in die Sahara. Hier is die duine hoog en skerp en as jy ver weg is, lyk baie van die kruine so skerp soos lemme. Agter die hoogste kruine lê swart skadukolle en die gladde kante van die duine is ongerep. Nie ’n spoor is sigbaar nie. Net die sagte rimpelings wat die laaste wind aan die sand gegee het, verbreek die gladde glinstering langs die flanke van die groot sandberge.

Elke keer wanneer hulle bo-op ’n duin uitkom, kyk die manne ver vorentoe. Amper heeltemal werktuiglik, want dit is soos hierdie woestyn jou leer om te doen wanneer jy al lank genoeg hier vertoef. Jy ontwikkel later ’n sesde sintuig vir die buitengewone, vir die gevaarlike, vir die verrassing, selfs vir die dood wat om elke hoek en draai wag.

Maar daar is nou nie veel te sien nie. Die enkele kere wat hulle die lang skotige opdraand vorentoe in sig kry, kan hulle met die blote oog maar net ’n swart bondel daar ver vorentoe sien. Dit is die bewegende bondel aasvoëls wat daar blykbaar iets beet het.

Toe hulle die laaste duin oorsteek, voordat die opdraand uit die diep straat onder die duin begin opskiet, gaan Catroux weer staan en haal sy verkyker uit. Hy bespied daardie eienaardige verskynsel op die veraf kruin aandagtig.

“Ek kan steeds niks uitmaak nie,” sê hy eindelik. “Daar is te veel aasvoëls. Dit is heeltemal duidelik dat hulle daar iets beet het en dit is nie net ’n dooie perd of ’n dooie kameel nie. Daarvoor is daar te veel van hulle.”

“Dalk ’n spul Arabiere wat dood is van die dors,” meen Petacci.

Fritz Mundt kyk neerhalend na hom.

“Jy sal ook nooit leer nie,” sê die groot Duitser. “Waar het jy al gehoor van Arabiere wat in die woestyn van die dors doodgaan?”

Petacci bloos onder sy swart baard van sy onbesonnenheid en sê niks verder nie. Ook nie een van die ander sê iets nie, want hulle staar amper onbewus na die hoop krioelende aasvoëls.

“Laat ons verder loop,” beveel Catroux en lei hulle teen die skerp duin af, deur die duik onder en dan teen die lang opdraand op.

Hierdie is ’n soort sandplato wat skuins lê soos ’n huis se skuins dak. Dit is een van die wondere van die Sahara. Dit is een van daardie eienaardige onderbrekings in die skerp rye duine wat die een op die ander volg. Hierdie skuinste is so gelyk soos die blad van ’n tafel, maar dit skiet steeds hoër op totdat dit ’n stomp kruin bereik waar hordes aasvoëls rond skarrel. Anderkant daardie maanhaar, dit weet die manne, skiet dit amper loodreg af na die oneindige plat veld waarop die klein oase Harba geleë is.

“Ons kan nou maar net sowel aanhou loop tot by Harba en daar ’n tydjie gaan rus,” doen Jack Ritchie aan die hand en hy sê dit so hard dat Catroux dit moet hoor. Catroux wil eers die manskap betig, maar hy swyg liewer. Hy weet maar te goed hoe sommige manne se senuwees gespanne kan raak op hierdie gevaarlike en uitputtende patrollie-marse. Op hierdie soort omdwalinge deur die woestyn het hy al manne skoon van hulle koppe af sien raak.

Daarom lê hy nie te veel nadruk op dissipline wanneer hulle hierdie patrollies uitvoer nie. Hy laat die manne dus toe om meer te sê as wat andersins toelaatbaar sou wees. Hy het al baie maal gewonder wat die waarde van hierdie patrollies is. En tog, dit is ’n instelling van die Vreemdelegioen omdat daar aangeneem word dat die Arabiere gedurig dopgehou moet word. ’n Mens weet nooit wat hierdie verraderlike skepsels in die mou voer nie.

Daar kom meer drang in die manne se bewegings namate hulle teen die lang sand opdraand, opwaarts vorder. Dit is nou nie net nuuskierigheid

wat hulle prikkel nie, maar ook hul avontuurlus. Daardie aasvoëls wat hulle ’n ent voor hulle sien worstel, in die lug sien opskiet en dan weer neerdaal, kan aanleiding wees tot iets interessant. Iets opwindend of selfs gevaarlik.

En gevaar is die beste metgesel in hierdie verlore woestyn omdat dit jou minstens aan die gang hou. As ’n mens in die Sahara eers begin belangstelling verloor, kan die dood net hier agter die naaste duin wag.

“Daar is darem vir jou ’n boel aasvoëls,” sê Teuns uitasem vir Catroux.

“Ja, daar is ’n hele spul. Ek wonder wat hier gebeur het? Dalk het ’n sandstorm mense hier oorval.”

Maar die oomblik toe hy dit sê, besef Catroux dat dit nie so kan wees nie. Arabiere sal hulle nie op so ’n blootgestelde kruin aan die genade van ’n sandstorm oorlaat nie. Daarvoor ken hulle die gevare van die Sahara net te goed.

“Laat ons daardie spul gulsige vuilgoed blaker, Sersant,” versoek Petacci toe hulle nader aan die malende, springende en vegtende massa aasvoëls kom.

“Jy behoort beter te weet as dit, Petacci,” sê Catroux skerp, sonder om na die bakbeen-Italianertjie om te kyk.

“Ja,” las Fritz aan, “ek sê mos jy sal nooit leer nie. Hoe weet ons wat hier gaande is? En nou wil jy die hele woestyn wakker maak deur aasvoëls te skiet.”

Die manne ruk hul gewere af, steek die bajonette aan en spring onder die aasvoëls in asof hulle die vyand is. Hulle steek en slaan en skop onder die stinkende gediertes wat met ’n wrede gekras probeer padgee. Baie wip weg en styg die lug in, maar baie bly ook in die slag.

Toe gee die manne net so vinnig van die stinkende toneel af pad as wat hulle dit bestorm het. Hulle gaan staan op ’n afstand en kyk met weersin na wat hulle daar voor hulle sien.